RIETONDALE HIGH SCHOOL

Private bag X06, Gezina, 0031
Tel: 012 329 0574
E-mail: admin@rietondalehs.co.za
Website: www.rietondalehs.co.za

COVID-19
BYLAAG TOT SKOOLREËLS MET BETREKKING TOT COVID-19
SKEDULE 2

1. Fisiese kontak:

1.1. Geen fisiese kontak (aanraking, handdruk, omhelsings, drukkies, soene ensovoorts) tussen leerders word toegelaat nie.
1.2. Leerders moet ten alle tye 'n veilige afstand (1.5m) van mekaar af handhaaf.
1.3. Leerders sal nie toegelaat word om elektroniese toestelle, eetgerei, eet of drinkgoed, leermateriaal soos skryfbehoeftes en/of boeke/handboeke of enige ander item(s) te deel onder mekaar nie.

2. Materiaalgesigmasker:

2.1. Leerders moet ten alle tye 'n materiaalgesigmasker dra wat voldoen aan die vereistes van die Departement van Gesondheid.
2.2. Die masker moet die leerder se mond en neus bedek.
2.3. Maskers mag nie afgetrek word om te praat, nies of hoes nie.
2.4. Maskers mag nie verwyder word terwyl die leerders op die skoolterrein is nie.
2.5. Leerders mag nie aan die binne- of buitekant van hul maskers vat en/of peuter nie.
2.6. Leerders mag nie maskers onder mekaar uitruil nie.
2.7. Leerders se maskers moet elke dag met warm water en seep gewas word en gestryk word sodra die masker droog is.

3. Persoonlike higiëne en hoesetiket

Leerders word aangemoedig om die volgende te doen:

3.1. Gereeld hande te was met water en seep vir ten minste 20 sekondes lank per keer.
3.2. Leerders moet algemene higiëne handhaaf .Dit sluit byvoorbeeld in om hul tande en vingernaels skoon te hou en daagliks te bad/stort en 'n skoon skooluniform aan te trek.
3.3. Leerders moenie aan hul gesigte raak nie en moet spesifiek kontak met hul oë, mond en neus vermy.
3.4. Leerders moet in die rigting van hul elmboog of in 'n sneesdoekie hoes of nies. Daarna moet die leerder dadelik die sneesdoekie weggooi en hul hande behoorlik was of met handreiniger skoonmaak.

4. Selfrapportering:

4.1. Leerder moet rapporteer as hul enige van die volgende simptome ervaar:

Lyfseer	Buitengewone Moegheid	Naarheid/ Braking	Koors	Diarree	Buitengewone Swakheid

4.2. Leerders moet aan die skoolowerhede rapporteer as hulle in kontak was met iemand was wat positief getoets is vir COVID-19.

4.3. Leerders wat siek voel en/of enige van die bogenoemde simptome ervaar moet liewers tuis bly en mediese advies inwin.

5. Wangedrag :

5.1. Geen gedrag wat ander leerders of persone op die skoolterrein se gesondheid bedreig sal toegelaat word nie.
Dit sluit in:

5.1.1. enige gedrag wat potensieel kan bydra tot verspreiding van Covid-19 in die skoolgemeenskap;

5.1.2. enige gedrag teenstrydig met gesondheidsvereistes en reëls omskryf in nasionale wetgewing en/of regulasies; en

5.1.3. enige gedrag teenstrydig met die skool se beleid en/of protokol met betrekking tot Covid-19.

5.2. Boelie en teistering van enige leerder wat siek is, simptome verbonde aan die virus ervaar of wat karaktereienskappe deel met persone wat verbind word met die Covid-19 virus word streng verbied.

5.3. Daar mag dissiplinêre stappe teen leerders geneem word indien enige van hierdie reëls oortree word.

Leerder: _____ Ouer: _____

Handtekening: _____ Handtekening: _____

Datum: _____ Datum: _____

Selnommer: _____ Selnommer: _____